

Skriflesing: Johannes 19: 17 – 37

Teks: **Johannes 19:26-27**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 119:29**

TYDENS EREDIENS- Ps. 98:1,2; Ps. 119:22,36; Ps. 133:1,2; Sb. 5-1 (6)1,2,3

Johannes 19: 17 – 37

Joh 19:17 Jesus het self sy kruis gedra en uitgegaan na Kopbeenplek toe, soos dit genoem is, in Hebreus Golgota.

Joh 19:18 Daar het hulle Hom gekruisig en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, met Jesus in die middel.

Joh 19:19 Pilatus het ook 'n opskrif geskrywe en dit aan die kruis gesit. Daar het geskrywe gestaan: "Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode."

Joh 19:20 Baie van die Jode het hierdie opskrif gelees, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad was. Die opskrif was in Hebreus, Latyn en Grieks.

Joh 19:21 Die priesterhoofde van die Jode het toe vir Pilatus gesê: "Moenie skrywe: 'Die Koning van die Jode' nie, maar skrywe: Hy het gesê: Ek is die Koning van die Jode."

Joh 19:22 Pilatus het vir hulle gesê: "Wat ek geskrywe het, het ek geskrywe."

Joh 19:23 Toe die soldate Jesus dan gekruisig het, het hulle sy boklere gevat en dit in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel. Hulle het ook sy onderkleed gevat. Dit was sonder naat van bo af in een stuk geweef.

Joh 19:24 Hulle sê toe vir mekaar: "Ons moet dit nie skeur nie. Kom ons loot wie dit moet kry." Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word waar dit sê: "Hulle het my klere onder mekaar verdeel, en vir my kleed het hulle geloot." Dit is wat die soldate gedoen het.

Joh 19:25 By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena gestaan.

Joh 19:26 Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun."

Joh 19:27 Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.

Joh 19:28 Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is en sodat die Skrif vervul kan word, gesê: "Ek is dors."

Joh 19:29 Daar het 'n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het toe 'n spons vol suur wyn op 'n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond gehou.

Joh 19:30 Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!" Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas.

Joh 19:31 Dit was Vrydag, en die Jode wou nie hê dat die liggame op die sabbatdag aan die kruis moes bly nie, want daardie sabbatdag was 'n groot dag. Daarom het hulle vir Pilatus gevra dat die mense wat gekruisig is, se bene gebreek en die liggame weggevat moes word.

Joh 19:32 Toe het die soldate gekom en die bene van die eerste een gebreek en ook dié van die tweede een wat saam met Jesus gekruisig is.

Joh 19:33 Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie.

Joh 19:34 Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gestee, en daar het dadelik bloed en water uitgekome.

Joh 19:35 Hy wat dit gesien het, lê daarvan getuienis af, en sy getuienis is waar. Hy weet dat hy die waarheid praat, sodat julle ook kan glo.

Joh 19:36 Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word: "Geen been van Hom sal gebreek word nie."

Joh 19:37 En verder sê die Skrif op 'n ander plek: "Hulle sal Hom sien vir wie hulle deurboor het."

Skriflesing: Johannes 19: 17 – 37

Teks: **Johannes 19:26-27**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 119:29**

TYDENS EREDIENS- Ps. 98:1,2; Ps. 119:22,36; Ps. 133:1,2; Sb. 5-1 (6)1,2,3

Geliefdes in ons Here Jesus Christus van die begin van die reeks rondom Jesus se sewe

kruiswoorde is dit asof niemand hulle kan miskyk nie. Daar was die soldate wat eintlik niks

omgee nie, die kruisiging is vir hulle net nog 'n daad. Nog iets wat hulle al baie gedoen het, daar

is geen emosie, geen haat of liefde ter sprake nie. So lank hulle net hulself ook kan verryk is dit

goed genoeg. Hulle het Jesus se klere van Hom afgeneem, elke deel wat Hy aangehad het, ja watter diepe vernedering om nakend daar te moes hang. Oor sy onderkleed het hulle die lot gewerp.

Dan het ons ook gesien die massa mense, die grootste deel van Jesus se volk het Hom gehaat, Hom gespot, hulle wat Hom wou kruisig. Die verskriklikste van haat het hulle tot hierdie daad aangevuur. Dis asof hulle in hulle haat net hoër opgeklim het. So is die mens mos as jy haat wil jy nog meer haat. Kompleet asof dit 'n emosie is wat uit die hel aangevuur word en só was dit. Oor hierdie kring het Jesus God se vergewing afgebid want as God nie uitstel sou gee oor hierdie massa se verskriklike woorde, dae en gedagtes nie, dan sou hulle met die verskriklikste van God se toorn voor die kruis wegs melt, ja dit sou wees iets van die laaste deel van Psalm 68 vers 1 soos dit berym staan- *Soos was wat smelt voor hitte en vuur, het almal voor Gods glans geen duur wat goddelooslik lewe ...* Ja, dis asof ons Psalm 36 ook die 1ste vers in hierdie mense sien afloop - *Die boosheid van die bose man – my diepste hart getuig daarvan: Gods vrees is uit sy oë ...*

Dit wat hierdie grootste kring van mense ons by uitbring was nie net die drie groepe op daardie dag op daardie Kopbeenhoogte nie, maar ook die ander twee kruise wat daar was. Twee ander gekruisigdes, die een het verlore gegaan, vir ewig in die smaad van die hel waar niemand weet watter lyding hy nou nog ondergaan nie. Die ander gekruisigde was letterlik in die oomblikke van wat sy laaste op aarde was, in die hemel ingeplaas, die paradys wat Jesus Hom dit direk in die tweede kruiswoord oopmaak – *Voorwaar (Amen), Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees.* Daar waar ons nog nooit was nie, daar is hy wat dit nooit kon verdien nie, maar God het hom soos 'n stukkie hout uit die vuur geruk.

As ons vandag by die derde kruiswoord kom, dan is dit asof ons Jesus alreeds op drie maniere sien optree het. Hy is eerstens die Seun van God, Hy wat direk vir sy Vader bid, daarin wys Hy, Hy is die Seun van God – *Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie ...* Die tweede kruiswoord wys aan ons dat die Seun van God is waarlik ook ons Middelaar. In sy eerste kruiswoord was Hy beslis ook al Middelaar wat God om vergewing kon vra, nou is Hy in die tweede kruiswoord dit weer. Hier staan sy middelaarskap in besonder uit! Hy is die enigste wat

so tussen die Vader en daardie misdadiger kon intree, Hy was die Middelaar wat daardie gekruisigde kon red en is die enigste Middelaar wat Hom die paradys kon laat ingaan.

Tog kom ons vandag by die derde kruiswoord dan is die Middelaar ook die een wat as Middelaar tussen mense gaan intree. Hierin wys Hy dat Hy nie net die Seun van God is nie, maar soos die Ou Testament dikwels oor Hom geprofeteer het, so sien ons Hom nou ook as Seun van die mens. Seun van die mens wat Hom oor ander ontferm. Wat besorg is oor die welstand van die vrou wat Hom 9 maande gedra het, Hom gesoog het, Hom versorg het, Hom haar liefde gegee het net soos 'n ma dit kon doen. In alles was Hy Seun van die mens wat vir sy ma baie lief sou wees. In hierdie derde kruiswoord het ons inderdaad 'n derde vorm van liefde wat soos ons met die kruiswoorde vorder ook hier na vore kom. By die eerste kruiswoord was dit God se vergewende liefde wat spreek, by die tweede kruiswoord het God se verlossende liefde gespreek, by vandag se kruiswoord hoor ons God se versorgende liefde.

Dis liefde wat die kringe rondom die kruis klein maak daar waar die liefde groot is. Dis asof ons van die begin af daarvoor moes wonder, eers was dit die apatiese soldate, daarna die massa met die grootste antipatie, die verskriklike haat en tog met ons eerste preek uit die reeks was hierdie groepie vroue met net een man in hulle midde asof die tyd net moes aanbreek dat ons by hulle moes uitkom. Hulle wat nie antipatie of apatie met die Gekruisigde betoon nie, maar waar dit werklik gaan om simpatie. Vandag kom ons by hulle uit! Vroue wat ons in Mattheus 27 vv. 55-56 al van gelees het: *55 Daar was ook baie vroue wat op 'n afstand gestaan en kyk het. Dit is hulle wat vir Jesus van Galilea af gevolg en vir Hom gesorg het. 56 Onder hulle was Maria Magdalena, Maria die moeder van Jakobus en Josef, en die moeder van die seuns van Sebedeus.*

Voordat ons by die een besondere vrou mag kom gaan dit ook oor hulle saam met haar. Ons lees van Salome, waarskynlik 'n suster van Maria, die moeder van Jesus, sy is die vrou van Sebedeus, wat twee seuns gehad het, Johannes en Jakobus. Jesus het hulle in 'n stadium die bynaam gegee van *Boanerges*- seuns van die donder, manne wat wou glo vuur kan uit die hemel afgebied word om mense te vernietig. Nou is net een van hulle daar by sy ma Salome. Hierdie Johannes was menslike gesproke dan 'n neef van Jesus gewees. Dan was daar ook nog 'n ander vrou ook met die naam Maria- vrou van Klopas. Klopas staan in die kerklike geskiedenis weer bekend as 'n

broer van Josef. Josef, die man aan wie Maria verloof was toe sy uit God met Jesus swanger geraak het. Dit wil voorkom of die aardse pa van Jesus, die timmerman vroeg in sy lewe oorlede is. Klopas was dan sy broer, hy was dan 'n swaer van die Maria wat 'n maagd was toe Jesus aarde toe gekom het. Dan was daar nog 'n derde Maria, soms word na haar verwys as Maria die kleintjie. Ons lees van haar in Markus 15, dat sy Maria die kleine was en moeder van Jakobus. Ook was by haar Joses. Van haar weet ons nie baie nie, behalwe dat sy ook deel van die groep vroue daar by de kruis was. Geliefdes dit lyk my daar is selfs sprake van 'n vierde Maria wat onder die vroue daar op 'n afstand met baie seer in hulle harte dit alles moes aanskou. Hoe die Man van Smarte, naak, deurboor met spyker, aan 'n vloekhout vasgenaël, daar gehang het. Baie noem haar Maria Magdalena omdat sy afkomstig was van 'n dorpie Magdala aan die wesoewer van die see van Galilea. Oor elk van hierdie vroue, oor hulle seer, oor hulle pad met Jesus, oor dit wat hulle nou daar moes aanskou kan ons seker maar net ons eie gedagtes vêrder voer.

Tog gaan dit nou spesifiek om een vrou en haar naam moet die Nuwe-Testamentiese kerk ingeskryf word as die eerste een wat vanuit die Nuwe Testament diakonaal na omgesien moes word. Voordat daar diakens in God se kerk kon wees was daar baie beslis diakonale behoeftes wat verder strek as maar net die uitdeel van kos, geld en klere. Hierdie Maria, Jesus se aardse ma, u sien haar daar met die profetiese woorde wat 'n bejaarde Simeon oor haar uitgespreek het toe sy 33 jaar gelede die Jesus-baba op 8 dae na die tempel gebring het dat hy besny moes word. Simeon het oor haar geprofeteer - Lukas 2:35: *ja, 'n swaard sal deur jou eie siel gaan—sodat die gedagtes uit baie harte openbaar kan word.* Hoe skerp is hierdie swaard nie nou nie?! Om haar Seun so aan die kruis te moes sien ly en ook te moet hoor hoe Jesus Homself van haar moet losmaak. 33 jaar gelede het sy Hom onder haar moederhart gedra – God se Seun. Nou skeur dit in hierdie hart, toe die hande en voete van Hom so oopgeskeur word, Hy die Seun van God wat die Seun van die mens gemaak is. Dit is mense wat met Hom laat gebeur wat ons uit onself niks beter is as daardie mense nie.

Die ander vroue daar by haar, hoe graag hulle sou wou help, hulle sou nie die seer sagter kon maak nie. Wat kon hulle doen? En dan is daar Johannes, die enigste aangesproke man daar tussen hierdie groterige groep vroue. Geliefdes as u vandag hierdie derde kruiswoord hoor is dit kompleet asof iets van Jesus se testament voor hom wat Johannes is oopgeskeur word. 'n

Testament nie lank uitgereek nie. Die derde kruiswoord bring dit bymekaar as Jesus vir Maria sê – *Daar is u seun ...* en in dieselfde asem sê Jesus vir Johannes – *daar is jou moeder ...*

Johannes sal vir dié Maria moet sorg sy wie Jesus se aardse ma was. Sy word nou lewenslank aan die sorg van Johannes opgedra. In aardse familie terme was Johannes neef van Jesus, want hulle ma's was susters. Daarom ook so opmerklik in hierdie testament word Maria nie aan die sorg van een van die ander seuns van haar en Josef opgedra nie, hulle wie se geloof om die werklike Christus nog so aan die wankel was. Nee Jesus wil sy ma aan sy neef, aan hierdie besondere dissipel toevertrou. Tog gaan dit hier om baie meer as aardse familie verbintnisse. Waar dit werklik om aardse versorging van mense gaan moet die kerk na vore kan tree. Die apostels wat die fondament van die kerk, die kerk waarvan ons deel is, Nuwe-Testamenties moes lê. Maria word aan die heel intieme kring van hierdie apostels toevertrou. Met hierdie derde kruiswoord word Maria aan die apostelskap van die Nuwe-Testamentiese kerk in-kiem verbind.

Jesus is hier inderdaad met kerkwerk besig, kerkwerk aan die kruis. Dit wat in God se oë nog belangriker as bloedbande is, is dit wat geloofsbande is. Dit is wat God se uitverkiesing, nie 'n verkiesing in bloed maak nie, maar 'n verkiesing in geloof. Niemand se bloed kon tel nie, alleen net Jesus s'n. Tog is die geloof dit wat nou vanuit die bloed van Jesus na ons gaan kom, die enigste bloed wat werklik die kerk in volle werking kon stel. Jesus wat die Kerk as nuwe geloofsgemeenskap tot openbaring bring, skryf as't ware die eerste lidmaat se naam duidelik in, Maria, deur Johannes wat kerkwerk sal moet doen, sal jy nou versorg moet word. *Vrou daar is u seun, seun daar is jou moeder.*

Die vraag na waarom Jesus Hom doelbewus van sy ma, van hierdie vroue moes losmaak is dat Hy ook vir hulle Verlosser moes kan word. Hy moes volledig ook die straf vir hulle en ons sondes kon dra. Hy dra inderdaad die straf van vereensaming, om deur mense verlate te wees. Hy is deur mense verlaat omdat ons dit verdien het. Sonde bring altyd skeiding, verwydering tussen mense ... eensaamheid. So het Jesus ook die verskriklikste eensaamheid moes beleef.

Ná hierdie kruiswoord waar ons DV 'n volgende keer nog weer by die verskriklikste van al die kruiswoorde sal moet kom - *My God, my God waarom het U my verlaat ...* Vandag kan ons nie

by hierdie verskriklike vraag kom nie, maar sien alreeds die aanloop in hierdie verskriklike verlating. Hy word deur mense verlaat, dan kom dit, God het Hom verlaat. In ons plek moes Jesus in die verskriklike vereensaming en Godverlatenheid wegsink.

Ons sien dit ook dat ná hierdie derde kruiswoord van *Vrou daar is u seun ... seun daar is u moeder ...* het dit rondom twaalfuur die dag donkerder begin word totdat dit pikdonker was. Dis asof die nag van oordeel al donkerder en swaarder oor die kruis begin hang. Selfs die son se lig het Jesus verlaat. Dis asof ook die lig van die skepping Hom aan Jesus onttrek. Eers sy ma wat Hy moet wegwys, wegstuur, toewys en dan die verlatenheid wat woorde later nie meer kan beskryf nie.

Dit word inderdaad vir Jesus dit wat die hel is. Die hel is in die eerste plek nie 'n plek nie, maar 'n toestand. Die diepste dieptepunt van die hel is om sonder God te wees. Met die derde kruiswoord is al die begin van Jesus se hel en dit sou in die volgende ure al erger word! Hy het dit alles gedoen, dit alles moes deurgaen, ter wille van ons. Dit alles dat ons besef God sal ons nooit verlaat nie. God het Hom in hierdie tyd as Vader uit sy goddelike hart moes verstoot dat daar plek vir ons in die Vaderhart kan kom. Alle bande is met Hom verbreek, sodat bande, ja die bande van die verbond weer ten volle in werking kan kom. Dit is bande wat weer tussen God en ons, maar dis ook bande wat tussen ons en ons medemens gelê moet kan word, inderdaad kerklike bande wat Johannes en Maria moes vasmaak.

Dit is waarmee ons as kerk ook mee besig moet wees ... versorgende liefde aan die werk! Ons sien hoe Jesus selfs aan die kruis die wet van liefde volbring. Eers die vergewende liefde, toe by die misdadiger saam met Hom gekruisig verlossende liefde en vandag teenoor Maria versorgende liefde. Ons besef dit is wat die kerk waarlik in Christus kerk maak. As daar nie liefde is nie, moet ons nie onself nog kerk wil noem nie. Dis hierdie onderlinge liefde wat die band van eenheid moontlik maak. Die eenheid wat God vir ons op so baie wyses uit Efesiërs gewys het. Ons besef dit is hierdie onderlinge liefde wat 'n gemeenskap van gelowiges in staat stel om die lewe met al sy omstandighede met mekaar te deel. In alle geval skryf Johannes ook vroeër in Johannes 15 vers 13-13 *Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.* Dit het Jesus Self gedoen.

Geliefdes as ons vandag hierdie derde kruiswoord afsluit dan vier die wêreld Menseregtedag. Dis van die dinge wat ons tyd en ons wêreld laat lyk soos dit lyk. Ironies vir my dat dit lyk menseregteskendings lyk al groter te word hoe meer en hoe groter die wêreld hierdie sg. menseregte die alfa en die omega maak. Die vraag waar pas God se reg in, die enigste God wat daar is, Hy ons Vader in Christus daar word oor sy reg, sy goddelike reg al minder gepraat. Al meer moet ons hoor dat ons geloof is maar deel van klomp ander gelowe en alles en almal is gelyk en sg godsdiensvryheid het godsdiensgelykheid geword. Hoe meer die regte van ons as mense teenoor mekaar afgespeel word hoe swakker die bande wat ons met mekaar deel en wat nie my reg is nie. Watter genade, genade alleen om te weet dat God bring ons as kerk saam en bind ons saam, sonder dat ek kan sê dis 'n reg om uit te oefen.

Daar was geen reg wat Maria kon hê dat Johannes verplig kon word om haar verder te versorg nie. Ons as gelowiges moet met die gedagte van menseregte en dat alles in die lewe om jou en my menswaardigheid moet draai baie moeite ondervind. Dis niks met Maria se regte en menswaardigheid te make dat sy en die apostelgemeenskap, ja dat sy en die vroeg Nuwe-Testamentiese kerk nou saamgevoeg word nie. Dis alles net genade. Geen reg van mensekant, geen sg menswaardigheid wat maak dat God in sy liefde spreek nie, maar dis God se genade en God se liefde, ja alleen genade en liefde wat maak dat mense werklik lief is vir mekaar en vir mekaar lief sal bly. Besef u in hierdie kerk, ook hier in die Gereformeerde Kerk Postmasburg is almal op een of ander manier 'n Maria of 'n Johannes wat die hande na mekaar moet uitsteek.

AMEN